

## ST. EUSEBIUS VAN VERCELLI

2 AUGUSTUS

(300-371)

Hy word in Rome tot priester gewy en in 345 aangestel as die eerste biskop van Vercelli in Piedmont. Sy tyd is gekenmerk deur groot teologiese stryd en allerhande dwaalleringe. Hy word vir 'n tyd lank deur die keiser uit sy bisdom verban omdat hy vasgehou het aan die ware geloofsleer. Hy keer later terug en behaal groot sukses deur priestergemeenskappe dwarsdeur sy bisdom te stig wat stadigaan tot ligpunte van besinning en 'n egte Christelike lewe ontwikkel het en soos suurdeeg sy voorheen moeilike bisdom in 'n ware Kerk van Christus omskep het.

